

CQ BOLAND



NUUSBRIEF VAN
DIE BOLAND AMATEURRADIO KLUB
JUNIE 2005

KOMITEE VAN BOLAND AMATEURRADIO KLUB

Voorsitter/Tesourier	Rassie Erasmus	ZS1YT	021-8545764
Ondervoorsitter/Sekretaris	Karl Canitz	ZS1KC	021-9765237
Skakelbeampte	Henry Chamberlain	ZS1AAZ	021-8871509
Bulletinrooster	René van Zyl	ZS1VR	021-9762057
CQ Boland	Johan le Roux	ZU1LR	021-9192246
Web Meester	Deon Heydenrych	ZS1G	0826539884
Regsake	Olivier van Staden	ZS1OLI	021-8698564

KLUBBULLETINS

Tyd: Sondae om 7:45 en 20:30.
Frekwensies: 3670kHz, 7094kHz LSB en 145,700 FM

WEBWERF

Besoek die klub se Webwerf by <http://www.qsl.net/zs1bak/index.htm>

KENNISGEWING VAN DIE VOLGENDE BARK VERGADERING

U word vriendelik uitgenooi na die klubvergadering op Saterdag 11 Junie 2005 om 11:00 **by die bootklub langs die Brandvleidam, Joe, ZS1AAB** het die bootklub vir ons gereël. Die vergadering behoort so teen 12 uur klaar te wees en daarna sal die braaivleisvure aangesteek word. Bring u eie kos, eetgerei, drinkgoed, hout, stoele, rooster ens. saam. Verder in hierdie uitgawe is 'n beskrywing om by die klubhuis uit te kom.

BYDRAES TOT CQ BOLAND

Die redaksie van CQ BOLAND verwelkom alle bydraes vanaf Boland se Amateurs en vriende van die klub. Bydraes mag egter volgens die diskresie van die redakteur aangepas en geplaas word om sodoende die gepastheid en kwaliteit van inligting en artikels te verseker. Bydraes moet ten minste vier weke voor die datum van die volgende vergadering aan die redaksie met behulp van E-pos, pakketradio of op disket gestuur word.



Stuur u bydraes aan:

Pakket: ZU1LR@ZS0BEL.TBG.WCP.ZAF.AF
E-pos: ZU1LR@MAILBOX.CO.ZA
Posadres: CQ Boland Posbus 2105 Dennesig 7601

DIE VOORSITTER SÊ:

(En die Tesourier ook)

SLEGTE NUUS:

Ons nader die einde van hierdie finansiële jaar en daarom sal u saam met u CQ Boland 'n geelstrokie ontvang wat as u ledegeldrekening dien.



GOEIE NUUS:

Op ons laaste ledevergadering het BARK besluit dat ons hierdie jaar nie 'n verhoging in ledegeld gaan he nie en dus bly die ledegeld op R50-00 per lid.



NOG GOEIE NUUS:

Ook by die SARL se AJV te Johannesburg is besluit om nie hierdie jaar die ledegeld van die SARL te verhoog nie. Die SARL het reeds elektroniese rekenings uitgestuur en gedrukte rekenings sal eersdaags gepos word aan die lede wat nie oor e-pos fasiliteite beskik nie. Nielede kan aansluit deur op die webwerf www.sarl.org.za in te skakel og u kan ook 'n lidmaatskapvorm verkry deur die kantoorbestuurder te skakel by 011-6752393.

BARK se komende vergadering sal by die bootklubhuis van die Brandvleidam te Worcester gehou word. Ek en Henry het saam met


Joe gaan loer na die fasiliteite en was hoogstevrede met die omgewing en terrein. Aangesien dit dan ook ons AJV is, sal ek graag soveel as moontlik van u daar wil sien. 'n Spesiale woord van dank aan Joe en Francois wat vir ons die fasiliteite gereël het.

Met die AJV ingedagte, is dit natuurlik ook weer tyd om 'n nuwe bestuurskomitee vir BARK aan te wys.

Gesels so lank met van die lede wat u dink op ons bestuur sal wil dien en oortuig hulle om as bestuurslede genomineer te word. So kan ons verseker dat daar nuwe bloed op die bestuur dien.

Hoewel ek heelwat van ons lede op die frekwensies hoor, merk ek op dat BARK se webwerf nie so gereeld besoek word nie. Onthou die webwerf se adres is www.gsl.net/zs1bak Hier kan u baie interessante inligting rondom BARK bekom.

Die pakketdiens in die Wes Kaap, wat tans bestaan uit die ZS0STB en ZS0BEL BBS'e, funksioneer ook 100% danksy Toekie ZR1TUK en Johan ZU1LR se bydraes tot hierdie modus. Maak gerus kontak op



pakket waar u die wêreld se inligting rondom amateurradio sal raakloop.

Groete van hok tot hok.

Rassie, ZS1YT



REDAKSIONEEL

Johan, ZU1LR

Ek karring maar weer op die ou, ou snaar van stuur asb vir my artikels. U kan dit selfs met die hand skryf en tekeninge met die vry-hand doen. Dit is makliker as dit elektronies gedoen is, maar definitief nie 'n vereiste nie. Hierdie kouer wintermaande dwing ons ook



mos meer om binne te bly. Gebruik hierdie tyd om daardie beloofde artikel vir CQ Boland te skryf. Waar is die jonger garde en die LVs?

Dankie aan Ean, Karl en Rassie vir die artikels wat hulle ingestuur het. Dankie ook oom Joe vir die padkaart bydrae. Hoop julle geniet hierdie uitgawe.

Tot die volgende uitgawe....



NUWE 40M HF KOMPETISIE

Deur Rassie, ZS1YT


Die Boland Amateurradioklub stel 'n nuwe 40m HF kompetisie bekend.

Die Boland Amateurradioklub bied op 24 Julie 2005 'n HF 40m kompetisie aan. Die kompetisie sal slegs in die 40m band, op foon geskied. Die kompetisie sal loop van 15h00 tot 18h00 op bogenoemde datum en die volgende reëls sal van toepassing wees:



- Die kompetisie is oop vir ALLE amateurs in Suider Afrika.
- Slegs draadantennas en 'n maksimum kraguitset van 100w mag gebruik word.
- Vir elke kontak, op foon, ongeag in watter streek in Suider Afrika, sal 1 (een) punt toegeken word.

- Roepsein, Seinrapport en Volgnommer wat begin by 001 moet uitgeruil word.
- BARK gaan sy klubstasie onder die roepsein ZS1BAK bedryf en 'n kontak met dié stasie sal 5(vyf) punte tel. (Slegs eenmalig!)
- Logstate moet binne 14dae na afloop van die kompetisie ingestuur word en kan per E-pos aan zs1bak@mailbox.co.za gestuur word of per slakkepos aan:



BARK
Posbus 2105
DENNESIG
7601

Sertifikate sal toegeken word aan 'n 1ste, 2de en 3de plek in die kompetisie.



KOM ONS GESELS TEGNIES

Deur Karl, ZS1KC

DIE NVIS ANTENNA

Kort reikafstand antenna, dit is seker 'n goeie beskrywing van dié tipe antenna. Die konsep is nie nuut nie, trouens dit word al sedert die vroeë dae van radiokommunikasie gebruik. Weens sy beperkte reikafstand, het dit tot 'n taktiese antenna ontwikkel en groot byval gevind in veral militêre kringe.

Waarom 'n NVIS-antenna gebruik?

Hier is 'n paar voordele van dié tipe antenna:

- Bruikbaar van 2 MHz tot 10 MHz en selfs hoër. (MUF!)
- Baie kere word gevind dat daar 'n dooie zone (skip zone) is wat kontakte tot +/- 500km vanaf die sender, onmoontlik maak. Hier kom dié antenna tot sy reg. Daar is relatief min kwyning met die tipe antenna.
- Op terreine wat deur bosse en bome omring word bied



hierdie antenna 'n weg na buite vanweë sy hoë uitstralingshoek.

- Dit werk ook verder as die grondgolf en verbeter kommunikasie in dié opsig.
- Dis 'n antenna wat min plek in beslag neem en kan maklik in 'n klein pakkie saamgedra word vir eventuele gebruik.
- Tydens sportbyeenkomste, b v tydrenne, is dit 'n uiters nuttige antenna vir kort-afstand beriggewing na die beheersentra.
- Dit is uiters maklik om dit op te rig en geen hoë maste of stutte word vereis nie. Dit is ook 'n relatief stil antenna.
- Dit is hoofsaaklik bruikbaar bedags op die 40 & 80m en snags van 80 – 160m.
- Dis voordelig om 'n nag en 'n dag frekwensie vir optimale gebruik te kies.



Nadele van hierdie antenna?

- Dit funksioneer net tot onder die kritieke frekwensie. (MUF)
- Dit is nie geskik om mee te DX nie vanweë sy hoë uitstralingshoek van tussen 75° en 90° nie. Dis waarom dit as die “Cloudwarmer” bekend staan.
- Die antenna se werkverrigting kan verbeter word deur van in antenna-instemmer gebruik te maak. Dié ene wat ek op 40m getoets het, het ek sonder instemmer gebruik en 'n byna 1:1 SG gehad.
- Die vergelykende seinrepte teenoor 'n 40m horisontale lusantenna, 7m bo die grond was deurgaans 3 S-punte laer gewees. (Dit sluit my onmiddellike bure se repte dus uit!)
- Die antenna het geen wins nie.

Hoe lyk die antenna fisies?

Die antenna wat ek gemaak het was altesame presies 19,2m lank, dit is nou beide bene van die dipool. Die twee ente van die dipool was presies 760mm bo die grond aan twee houtbökkies vasgekram. In die middel waar die antenna met 50 ohm RG213 gevoer was, sonder balun, was dit met 'n plankie gestut ook 760mm bo die grond. Die



twee elemente van die dipool het so effe deurgehang en dit wil voorkom asof dit geen noemenswaardige verskil gemaak het nie. Dit kan ook as 'n omgekeerde V-antenna gespan word met die voorbehoud dat die ingeslote hoek > 120° is.

Die antenna se effektiwiteit kan verbeter word indien 'n grondradiaal gespan word, sowat 5% langer as die antenna. Verkieslik so 1.5 golflengtes onder die stralerelement. Die totale lengte was die antenna 19.2m ,dit is nou beide bene van die dipool.



Dit is baie belangrik dat die frekwensie bepaal word wat as dit feitlik vertikaal uitstraal deur die ionosfeer teruggekaats sal word. Probeer is hier die beste geweer.As 'n te lae frekwensie gebruik word, m a w te ver benede die MUF, dan kan dit gebeur dat die D en E lae die sein benadeel.

Hier is 'n opsomming van 'n paar seinlesings met afstande van Durbanville.

Deelnemer	40m Horisontale lusantenna	NVIS 760mm hoog
ZR1BDR (Dville)	5/9+10	5/8
ZR1PDT (Worcester)	5/6	4/4
ZR1CLR (Langebaan)	5/9+5	5/6
ZS1OLI (AgterPaarl)	5/9+20	5/9
ZR1MZ (Kalbaskraal)	5/9+10	5/8
ZR1ZR (Kuilrivier)	5/9+15	5/9
ZR1ABQ (Dville woonstelpark)	5/3	4/8
ZS1DUP (Melkbos)	5/9+15	5/8
ZR1SBM (Plumstead)	5/5	4/3
ZR1JDT (Ladysmith)	5/9+20	5/9+5

'n Finale gedagte. Alle seine met die NVIS-antenna was 100% leesbaar gewees.




Daar word verneem dat Kobus, ZS1KVR tans aansterk na 'n breuk operasie. Kobus en sy vrou Ansie (ZS1AVR) is tans op die eiland Tristan da Cunha.

Kobus ons wens jou alle beterskap toe.

BARK VERGADERING VAN SATERDAG 11 JUNIE 2005

Deur Johan, ZU1LR



Hier is die kaart wat u tot by die klubhuis van die bootklub sal bring. Hoop so. Die kaart is verskaf deur Joe, ZS1AAB. Hy versoek dat u stoele saambring.

Daar sal bystand wees op die 145.650 herhaler en 145.500 simpleks vir die van u wat onseker is van die roete.

Sien u daar.



BARK VERGADERING VAN SATERDAG 12 MAART 2005

Deur Johan, ZU1LR

Soos altyd was BARK se vergadering 'n lekker sosiale byeenkoms. Rassie en Karl het gesorg vir die amptelike dinge. So skuins na 12 uur het die vergadering verdaag en Paul, ZR1AEG het vir ons 'n aanbieding gegee. Daarna was daar 'n ernstige katebak verkope/ruil/weggee. Die braaivleis vure was aan die gang. So teen drie uur het die byeenkoms "verdaag".

Die volgende 50 persone het die teenwoordigheidslys geteken.



Andre, ZR1ABQ
het die vergadering
bygewoon

ALBERTS, JOHAN ZS1DJA
AUCAMP, JOHAN ZS1GP
AUCAMP, LEE ZS1LY
BOUWER, JOHANN ZS1MB
CANITZ, KARL ZS1KC
CHAMBERLAIN, HENRY ZS1AAZ
CONRADIE, ANITA
CONRADIE, PHILIP ZS1CON
DE BRUYN, DES ZR1DES/ZU1DES
DE KOCK, DAVID ZS1DDK
DE VILLIERS, FRANCOIS ZR1ACF
DE VILLIERS, FRANCOIS ZR1FDV
DU TOIT, REG ZS1ADC
EKSTEEN, FRED ZR1KAT
ERASMUS, LOURENS ZS1BFE
ERASMUS, RASSIE ZS1YT
GREEFF, FRED ZR1C
HAARHOF, BENNIE ZR1JHD
HAARHOF, JOE ZS1AAB
HAARHOFF, RINA
HEYDENRYCH, DEON ZS1G
HORN, HANNES ZR1HH
HYMAN, CLYDE ZS1CS
JENDRISSEK, PETER ZS1JX
JOUBERT, FRANCOIS ZS1Q

JOUBERT, JOHANNA
KEANLY, PAUL ZR1AEG
KEANLY, PETER ZS1W
KORKIE, LEON ZS1MM
KOTZE, BELINDA
LE ROUX, ALMA
LE ROUX, JOHAN ZU1LR
LE ROUX, JOHANNES ZR1RF
LOMBARD, WESSEL ZR1WL
McDULING, THEO ZS1JM
NOTHLING, HANS ZS1WZ
PANSEGROW, PHIL ZS1PAN
PIENAAR PINE
SADIE, BENNA ZR1BEN
SAUERMAN, NICK ZS1AT
SMIT, SMITTIE ZS1AK
SNYMAN, SIMON ZR1SIM
VAN RHYN, WILLIE ZR1WVR
VAN ROOYEN, ANSIE ZS1AVR
VAN ROOYEN, KOBUS ZS1KVR
VAN STADEN, DALENE
VAN STADEN, OLIVIER ZS10LI
VAN ZYL, ANDRE ZR1ABQ
VAN ZYL, RENE ZS1VR
VON WECHMAR, CHRIS ZS1DX



KOM ONS PROBEER HF

Deur Ean, ZS1PR

Die nuwe Amateur Radio-regulasies het 'n groot deel van die HF ("Kortgolf") spektrum vir ZR lisensiehouers beskikbaar gemaak. Nou goed en wel, maar hoe moet mens nou begin?

Wel, eerstens moet mens 'n HF radio hê, so wat gaan mens koop? As geld nou nie 'n probleem is nie, dan kan mens natuurlik die beste van die beste koop, enigiets van 'n FT-1000MP tot 'n IC-7800. My raad is egter dat selfs as u 'n stewige bankbalans het, begin liewers met 'n basiese sender-ontvanger. Wanneer mens dan na 'n tyd 'n "gevoel" het van watter rigting mens wil inslaan op HF, dan kan mens apparaat koop wat optimum is vir die aspekte wat jy nou die meeste in belang stel.

Ek het sedert my begin in Amateur-radio die volgende vergelyking vir mense gegee wanneer hulle sê Amateur-radio benodig baie geld: Neem twee hengelaars:- Die een vaar by Gordonsbaai se hawe uit met 'n groot motorboot met al die toebehore, beste enjins, Sonar ("Visvinder"), puik radios, GPS, ens., ens. Die tweede ou staan op die seemuur van Gordonsbaai hawe en vang vis met 'n handlyn. Al sy goed gaan maklik in 'n enkele vissak in. Op die ou einde is dit 'n oop vraag hoeveel minder pret die ou met die handlyn op die hawemuur het vergeleke met die een in die motorboot. Party dae wonder ek of die ou in die boot nie meer kopsere het met al die goed wat hy moet onderhou nie

Nou my ou vriend Feruccio ZS1Z sê altyd: 'n Radio-amateur is 'n "sucker" as dit by iets met knoppies en liggies kom. Dit is inderdaad waar. Meeste OK's wil weet hoeveel krag die ding uitsit en hoeveel geheues en ook hoeveel ander tierlantyntjies daar aan die radio is. Gewoonlik vra hulle nie oor die basiese tegniese aspekte nie. Dit is soos 'n persoon wat 'n motor koop en kyk na die kleur, die klankstelsel en al die dinge, maar nie vra wat die werkverrigting of die brandstofverbruik is nie!



So, nou gaan ons 'n sender-ontvanger koop, nuut of tweedehands. Waarna moet ons kyk?

DIE ONTVANGER


Ontvanger sensitiviteit: Moderne ontvangers kan maklik $0,16 \mu\text{V}$ bereik, maar as die ontvanger $0,35 \mu\text{V}$ kan haal, kan jy maklik DXCC daarmee verkry. Vra my, ek het myne gekry met 'n Heathkit HW-101 met $0,35 \mu\text{V}$ sensitiviteit. Selfs met 'n "dowe" $0,75 \mu\text{V}$ kan jy lekker gesels, want onthou $0,8 \mu\text{V}$ is S3 en veral gedurende die nag is die geraas heelwat meer, veral op die laer bande. Van die ouer lamp (buis) ontvangers neig om effens "doof" te wees op 10 meter, maar mens kan altyd 'n plan maak deur 'n RF voorversterker te gebruik, wat nie groot geld kos nie.

Geraas drempel ("Noise floor"): Geraas drempel beskryf die interne lawaai wat deur die komponente en kringe van die ontvanger opgewek word. Moderne ontvangers se syfers is hier in die -125 tot -135 dB. Party ontvangers is so laag soos -140 dB, maar ontvangers met -115 dB is nog heel aanvaarbaar. Interne geraas word eers werklik 'n faktor bo 16 MHz, want laer af is die atmosferiese geraas gewoonlik meer.

Dinamiese bereik: Dit beskryf daardie punt waar sterker seine in die band jou ontvanger begin "doof" maak. Sê nou maar jy werk op 14,150 MHz en naby jou is 'n Amateur-buurman wat 'n sterk sein op 14,320 MHz het. Jou ontvanger kan op verskeie maniere geaffekteer word. Jou Outomatiese Versterking Beheer (AGC) kan die ontvanger "toemaak", met die gevolg dat daardie rare DX net "wegraak", of nog erger, soos jou buurman gesels kan die sein wat jy wil hoor vinnig op en af gaan. Die Amerikaners verwys daarna as "AGC pumping". Baie frustrerend, veral as dit DXCC land nommer 99 is! Die top ontvangers se spesifikasies is 110 dB dinamiese bereik, maar enigiets meer as 93 dB is heeltemal aanvaarbaar.



Ontvanger selektiwiteit: Dit is hoe naby aan jou 'n ander sein gaan inmeng met die een wat jy wil ontvang. Gewoonlik word 'n paar waardes gegee, maar wat jy voor moet uitkyk is die -6dB waarde wat so 2,4 kHz behoort te wees. As die waarde 1,8 tot 2,0 kHz is, is dit baie goed, maar die audio mag 'n bietjie "nou" wees. As dit nader aan 3 kHz is sal die ontvangs-audio pragtig wees, maar die kans vir steurings meer. So hier moet mens besluit wat jou prioriteite is. DX of net gesels ("Ragchew"). Die volgende waarde is die -60dB drempel. Dit behoort tussen 4,5 en 6,0 kHz te lê. As die stel 'n gelykgolf-filter in het, dan behoort die syfer vir -6dB in die omgewing van 500 tot 600 Hz te wees. Behalwe vir gelykgolf is so 'n filter ook handig vir die "nou" data-modusse soos PSK31.



Bykomende filters: 'n Hetrodine-filter ("Passband filter") is nogal handig as jy 'n dragolf, gelykgolf of data sein wil uitstem. Weereens sal ek nie my hart daarvoor breek as 'n stel dit nie het nie. TF-skuif ("IF-shift") en PBT ("Pass band Tuning") is handig, maar moet nie te veel waarde daaraan heg nie.

DIE SENDER


Spraak-prosessering is goed, maar onthou oom Frankie ZS1DJ het altyd gesê dat dit jou sein meer leesbaar maak maar nie mooier nie! Dit is 'n handige ding vir DX maar moet dit nie oordoen nie, en skakel dit AF vir lokale gesprekke. Selfs vir DX moet mens dit nie te veel oopdraai nie.

As jy gaan gelykgolf werk is 'n ingeboude elektroniese sleutel en vol-inbreek (QSK) baie handig, veral laasgenoemde.

DSP ("Digital Signal Processing") is 'n moderne tegniek wat beide op send en ontvangs werk. As 'n stel dit het, sou ek nogal heelwat waarde daaraan heg.

ANTENNAS

Goed, nou het jy 'n radio, maar nou moet hy aan die wye wêreld gekoppel word en daarvoor moet ons 'n antenne gebruik.




Vergeet maar vir die begin van 'n toring en rigstraler, maar aan die ander kant, moet ook nie met "sommer 'n stuk draad" en 'n instemmer begin nie. Dit is moontlik om 'n goeie sein en ook goeie ontvangs met 'n eenvoudige draad antenne te kry.

Kom ek begin om u 'n geheim te vertel was selfs baie professionele radio mense nie weet nie. As 'n Elektrisiën na 'n kabel se stoom-vermoeë kyk, dan kyk hy na die deursnit-opervlakte van 'n kabel. Vir radio kyk ons na die oppervlakte van die antenne. Dit is waarom 'n antenne wat van dik pyp gemaak is op BHF of UHF beter werk as 'n dun staaf of draad antenne.

Op HF kan mens nie die antenne maklik "dik" maak nie, maar mens kan 3 tot 6 dB wen deur gevlegte ("multistrand") draad te gebruik liewers as gladde draad. Die gevlegte draad het 'n aansienlik groter buite-opervlakte as gladde draad.

As ons nou by tipes antennes kom is daar 'n legio draad-tipes:

Dipool: Hierdie is die basiese antenne vir enige band. Hy werk goed en sal jou 'n goeie idee gee van 'n band se voortplanting. Probeer gerus om die dipool as 'n



“omgekeerde-V” te gebruik. U sal verbaas wees oor wat u kan vermag. Die meeste uitstraling van ‘n dipool-tipe antenne vind plaas in die middelste derde van die antenne. Met die omgekeerde-V konfigurasie is daardie middelste gedeelte redelik hoog bo die grond en gewoonlik ook “oop” oor bome en geboue. Die Omgekeerde-V het ook net een mas nodig.

G8KW: Hierdie antenne was op ‘n tyd baie populêr in ons klub. Dit werk baie goed op 80 en 40 meter sonder ‘n instemmer. Op 20 meter het dit nie ‘n instemmer tussen 14,200 en 14,300 MHz nodig nie. Op 15 meter werk dit goed met ‘n instemmer, maar op 10 meter is dit ‘n Foplas (“Dummy load”) en glad nie bruikbaar nie. As u die G8KW gebruik, gebruik liefs ‘n Burgerband-antenne vir 10 meter.

G5RV: Hierdie is ‘n puik antenne, maar ongelukkig is daar baie mites oor hierdie antenne. In ‘n neutedop, die antenne is deur Louis Varney G5RV ontwerp om uit Suid-Amerika op 20 meter huis toe (na Brittanje) te werk op 20 meter, (a) sonder ‘n instemmer, (b) met so 3,2 dB wins en ‘n betreklike lae uitstralingshoek (so ongeveer 16 grade bo die horison). Dit is beste as ‘n “plat” antenne eerder as ‘n omgekeerde V. Op 20 meter het ek DX-kontakte gewerk met hoeke so laag as 3 grade bo die horison. Met ‘n instemmer kan die G5RV op al die bande van 80 tot 10 meter gebruik word.

Windom: Hierdie werk ook baie goed op al die HF bande maar het twee probleme. Dit neig om baie geraas uit die geboue onder die antenne op te tel en is geneig tot steuring. Daar is ‘n VSA weergawe bekend as die “Carolina Windom” met ‘n Balun en ‘n Lyn-isolator wat glo die probleme oorkom. Dit is nie meer ‘n ware “Windom” nie maar werk volgens artikels in VSA Amateurydskrifte baie goed.

LAASTE GEDAGTES

Heelparty mense spandeer taamlik baie geld op ‘n HF stel en dan vind mens baie keer dat hulle sommer die eerste beste mikrofoon aan die stel koppel, bv. ‘n ou Burgerband-, Militêre- of bandopnemer-mikrofoon.



Neel! Koppel die beste mikrofoon wat jy kan en doen dan toetse met iemand naby om die beste verstellings te bewerkstellig ‘n Mooi gemoduleerde sein is aangenaam op die oor en mense sal graag met jou wil gesels.

Gebruik die fonetiese alfabet. ZS1PR en ZS1VR is baie naby aan mekaar (en ons is fisies ook net 300 meter van mekaar!), maar ZS1 Victor Romeo of ZS1 Pappa Romeo maak seker dat jy weet met wie jy gesels. Daar is heelwat roepletters wat veral in Afrikaans na aan mekaar klink, soos ZS1LVH of

ZS1LDH, ZR1WDK en ZR1PDK, ZR6PM en ZR6PN. Gebruik die fonetiese alfabet vir u roepsein om verwarring te voorkom.

Moet egter nie die fonetiese ding oordoen nie. As dit puik toestande is, is dit nie nodig om vir 'n Div 1 stasie te sê my naam is DIRK, Delta Indie Romeo Kilo en ek woon in die Strand, Sierra Tango Romeo Alpha November Delta nie!

Gebruik egter die fonetiese alfabet beslis as u DX werk, veral met mense wie se Engels nie hulle eerste taal is nie.

Laastens, Bolanders is oor die algemeen geneig om vinnig te praat, so probeer om beide binnelands en met DX 'n rustige konstante ritme te handhaaf. Luister gerus hoe die BBC se radio-nuus gelees word. Die nuuslesers is opgelei om die beste ritme te handhaaf en met die regte uitspraak die leesbaarheid onder swak toestande die beste moontlik te maak.



Ean ZS1PR
Abu Dhabi



UIT BARK SE GESKIEDENIS.....

Die geboorte van CQ Boland. Dit lyk asof daar nie net groot dinge in die geskiedenis van die land in daardie jaar gebeur het nie, maar ook die ontstaan van groot dinge in ons klub. As by wiskunde my nie in die steek laat nie is CQ Boland dan tans 56 jaar oud. Hier onder is 'n uittreksel uit die geskiedenis van BARK soos saamgestel deur Abe, ZS1OZ.

In Radio ZS van September 1948 word oor die aktiwiteit van die nuwe tak soos volg geskryf: "Hulle gee ook 'n maandblad uit onder die redaksie van Oom Doc ZS1CH. Ons het reeds die eerste een ontvang en ons kan die vriende verseker dat dit 'n puik begin is sover as wat die inhoud betref. Dit bevat algemene nuus sowel as 'n tegniese artikel. Dit beslaan 6 bladsye en het reeds die standaard van die ou gewese QTC van voor die oorlog." Dit behels 'n voorwoord deur die redakteur, Oom Dok, 'n verwelkomingswoord deur die Voorsitter van die SARL, H.M. Wilson ZS1BF, en artikels deur die Bolanders Dennis Gavin ZS1NU, Pierre Rabie ZS1NP en Danie Rossouw ZS1X.


BARK FOTOALBUM



Annelie, Lv van
Frank ZR1HR



Bennie, ZR1JHD



Francois ZS1Q



Rassie, ZS1YT



Chris, ZR1WC



Marian, ZR1QRN

Van:

Boland Amateurradioklub
Posbus 2105
Dennesig
Stellenbosch
7601